



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1

NOVEMBER 2017

NASIENRIGLYNE

KWAZULU-NATAL

PUNTE: 120

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 20 bladsye.

AFDELING A: LEESBEGRIP

NASIEN VAN DIE LEESBEGRIP

1. Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is. (Foute moet steeds aangedui word.) Waar die foute die betekenis van die woord(e) verander, word dit wel gepenaliseer.
2. Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal wat geassesseer word, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
3. Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering/bewys moet oorweeg word.
4. Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING/LUG JOU MENING-vrae word geen punte toegeken nie. Net die rede/motivering/aanhaling word bepunt.
5. Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek, **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
6. Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
7. Aanvaar dialektiese variasies.
8. Aanvaar die letter en/of die korrekte antwoord wat uitgeskryf is by 'n **meervoudigekeuse-vraag**.

VRAAG 1**TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL**

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.1	<ul style="list-style-type: none"> • (In) elf (lande) • (In) 11 (lande) • Suid-Afrika is een van elf Afrikalande waar ons die Groot Vyf kry. (Enige EEN) 	1
1.2	<ul style="list-style-type: none"> • 'n Mens kan die Groot Vyf (net) in Afrika sien. • Die Groot Vyf is uniek aan Afrika. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
1.3	<ul style="list-style-type: none"> • Leeus/die leeu • Luiperds/die luiperd (Of soortgelyk aan bogenoemde) 	1 1
1.4	<ul style="list-style-type: none"> • Leeus/Hulle jag in groepe/troppe. • Hulle beweeg/loop in groepe. • Hulle hou daarvan om saam te wees. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
1.5	<p>"logge" <i>(Penaliseer nie as die woord nie tussen aanhalingstekens geskryf is nie)</i></p>	1
1.6	<ul style="list-style-type: none"> • (Met) 'n hand • Vingers van 'n hand. • Die olifant gebruik dit soos 'n hand om blare, plantwortels, vrugte en water na sy mond te bring. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
1.7	<ul style="list-style-type: none"> • (Die) swart(renoster) • (Die) wit(renoster) 	1 1
1.8	mense sleg behandel	1
1.9	<ul style="list-style-type: none"> • Luiperds vang/bekruip ook apies in bome. • Luiperds kan goed boomklim. • Luiperds vang diere wat in bome leef. • Luiperds is goeie klimmers (wat dikwels apies in bome sal bekruip). (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
1.10	<ul style="list-style-type: none"> • B • Dit is vir jagters 'n uitdaging om hierdie diere te jag. • B Dit is vir jagters 'n uitdaging om hierdie diere te jag. (Enige EEN) 	1
1.11	<ul style="list-style-type: none"> • Lisensie(s) • lisensie(s) (Enige EEN) 	1

1.12.1	<ul style="list-style-type: none"> • Stropers moet swaarder gestraf word/tronk toe gaan. • Daar moet meer opgeleide/gewapende veldwagters wees om die diere op te pas. • Die koop en verkoop van renosterhorings moet wettig gemaak word/lisensies moet gegee word om renosters te kan jag. • Renosters se horings kan afgesaag word/gekleur word. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
1.12.2	<ul style="list-style-type: none"> • Die stropers kry baie geld vir die renosterhorings. • Die stropers is te slim om gevang te word. • Daar is steeds 'n groot aanvraag na renosterhorings. • Die polisie/veldwagters kan saam met die stropers werk. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
1.13	<ul style="list-style-type: none"> • Die stropers los die karkasse/vleis net daar. • Die stropers vat net die horings. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) <p><i>(Die kandidaat moet 'n afleiding uit die reëls as antwoord gee, nie 'n aanhaling nie.)</i></p>	1
1.14.1	<ul style="list-style-type: none"> • D • By hierdie diere kan 'n mens duidelik die verskil tussen mannetjies en wyfies sien. • D By hierdie diere kan 'n mens duidelik die verskil tussen mannetjies en wyfies sien. (Enige EEN) 	1
1.14.2	<ul style="list-style-type: none"> • A • Hulle groot snytande hou aan groei. • A Hulle groot snytande hou aan groei. (Enige EEN) 	1
1.14.3	<ul style="list-style-type: none"> • B • Die twee tipes se bekke lyk nie dieselfde nie. • B Die twee tipes se bekke lyk nie dieselfde nie. (Enige EEN) 	1
1.14.4	<ul style="list-style-type: none"> • C • Hulle maak baie jagters dood. • C Hulle maak baie jagters dood. (Enige EEN) 	1
1.14.5	<ul style="list-style-type: none"> • F • Hulle hou nie van konfrontasie met mense nie. • F Hulle hou nie van konfrontasie met mense nie. (Enige EEN) 	1
1.15	<ul style="list-style-type: none"> • B • Toeriste kom na Suid-Afrika toe om die Groot Vyf te sien. • B Toeriste kom na Suid-Afrika toe om die Groot Vyf te sien. (Enige EEN) 	1

1.16	<ul style="list-style-type: none"> • Ons land (SA) is bekend vir die Groot Vyf. • Die Groot Vyf is uniek aan ons land (SA). • Dit maak mense bewus/leer mense van die Groot Vyf. • Dit herinner ons om die erfenis van ons land (SA) te bewaar. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
1.17	<p>Ek het geleer: (m.a.w. die les uit die artikel geleer)</p> <ul style="list-style-type: none"> • dat die Groot Vyf baie belangrik vir toerisme in ons land is. • dat daar mooi na die Groot Vyf gekyk moet word. • van die gevare van onwettige jag/stropery. • dat dit almal se verantwoordelikheid is om seker te maak dat die Groot Vyf nie verdwyn nie. • hoe uniek ons land is. <p>OF</p> <p>Ek het meer inligting oor die Groot Vyf/individuele diere gekry. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	1
SUBTOTAAL:		24

TEKS B: VISUELE TEKS

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.18	<ul style="list-style-type: none"> • (Vir) elektrisiteit • Om elektrisiteit op te wek (Enige EEN) 	1
1.19	<ul style="list-style-type: none"> • Myne • Mynbou (Enige EEN) 	1
1.20	<ul style="list-style-type: none"> • 27(%/persent) • Sewe en twintig (%/persent) (Enige EEN) 	1
1.21	<ul style="list-style-type: none"> • Om te wys hoe water in Suid-Afrika gebruik word. • Om te wys waarvoor water in Suid-Afrika benodig word. • Om te wys waarvoor die meeste/minste water gebruik word. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
1.22	<ul style="list-style-type: none"> • D • Boerdery • D Boerdery (Enige EEN) 	1

1.23	<ul style="list-style-type: none"> • Daar is baie prentjies/foto's./Jy lees die prentjies. • Jy sien prentjies/tekeninge/simbole/grafieke/foto's/diagramme (van elektrisiteit/boerdery, ens). • Daar is min woorde./Jy het net 'n basiese woordeskat nodig. • Daar is meer prentjies as woorde • Die prentjies gee vir jou die inligting. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
SUBTOTAAL:		6
TOTAAL AFDELING A:		30

AFDELING B: OPSOMMING**NASIEN VAN DIE OPSOMMING**

Nasien van die opsomming word gebaseer op die insluiting van die relevante feite soos deur die teks voorgeskryf.

Die opsomming word soos volg nagesien:

- **Puntetoekenning:**
 - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
 - 3 punte vir taal
 - Puntetotaal: 10
- **Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:** (Indien die kandidaat nie woordeliks aanhaal nie, moet die feit nog sin maak om die punt te verdien.)
 - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
 - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
 - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe
- **Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat woordeliks aangehaal het:** (Direkte aanhaling: 'n sin/deel van 'n sin woord-vir- woord volgens vraestel.)
 - 6-7 direkte aanhalings: ken geen taalpunte toe nie
 - 1-5 direkte aanhalings: ken 1 punt vir taal toe

LET WEL:

- **Tel van woorde:**
 - Nasieners moet die getal woorde wat gebruik is, tel.
 - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
 - Indien die kandidaat die vereiste getal woorde (60) oorskry, lees tot aan die einde van daardie sin en ignoreer die res van die opsomming.
 - Korter opsommings wat die vereiste feite bevat, mag nie geenaliseer word nie.

VRAAG 2: DINGE OM TE ONTHOU AS JY GESOND WIL LEEF

[Verwerk uit howtolivewell.co.za]

	TEKS	VERWAGTE ANTWOORDE		
1.	Jou liggaam glo wat jy dink. As 'n mens positief is, hou dit jou liggaam gesond. Fokus dus op positiewe dinge.	Wees positief ./Jy moet op positiewe dinge fokus of konsentreer/aan positiewe dinge dink.	Moenie negatief wees nie./Jy moenie heelyd aan negatiewe dinge dink nie.	Positiewe denke is belangrik vir 'n gesonde lewe.
2.	Maak seker dat jy elke nag genoeg slaap. Dit sal jou help om beter te konsentreer. Jy sal ook beter onthou.	Jy moet seker maak dat jy (snags) genoeg slaap.	Jy moenie te min slaap nie.	Genoeg slaap is belangrik om gesond te bly.
3.	Te veel gemorskos en suiker is ongesond vir jou. Gesonde kos voed jou brein. Daarom moet jy elke dag drie gebalanseerde etes eet.	Eet gebalanseerde etes. Eet elke dag drie gebalanseerde etes ./Jy moet 3 gebalanseerde/gesonde maaltye per dag eet. <i>Die kern hier is nie bloot gesonde kos nie; dit gaan oor gebalanseerde maaltye.</i>	Moenie ongesonde kos/ gemorskos eet nie./Jy moenie jou 3 gebalanseerde maaltye per dag oorslaan nie.	3 gebalanseerde maaltye per dag sal jou gesond hou.
4.	Gereelde oefening gee jou meer energie. Dit keer ook dat jy vet word. Dit is dus nodig dat jy gereeld fisiese aktiwiteite doen.	Oefen gereeld ./Jy moet gereeld oefen. <i>Dit gaan nie net oor oefen nie; maar oor gereelde oefening.</i>	Jy sal vet en sonder energie wees as jy nie gereeld oefen nie.	Gereelde oefening is nodig om gesond te wees.

	TEKS	VERWAGTE ANTWOORDE		
5.	Lees of doen kreatiewe dinge in jou vrye tyd. Dit is beter vir jou as om te veel televisie te kyk of om op jou selfoon te wees.	Gebruik jou vrye tyd om te lees of kreatiewe dinge te doen ./Jy moet lees/kreatiewe dinge doen in jou vrye tyd . <i>Hier is weer twee dinge: WAT jy in jou VRYE TYD doen. (EEN van die twee is aanvaarbaar)</i>	Jy moenie passief wees in jou vrye tyd nie.	Kreatiewe tydsbesteding in jou vrye tyd is goed vir jou gesondheid.
6.	Swak higiëne veroorsaak dat siektes versprei. Bad of stort gereeld en was jou hande voor elke ete. Dit sal help dat jy nie siek word nie.	Jy moet altyd/gereeld bad/stort/was en jou hande was./Jy moet gereeld bad/ stort/was ./Jy moet jou hande voor elke ete was ./Wees higiënies.	Moenie jou higiëne verwaarloos nie./Moenie vergeet om jou hande voor ete te was/gereeld te bad of te stort nie.	Goeie higiëne is belangrik as jy gesond wil bly.
7.	Dit is baie gevaarlik om drank en dwelms te misbruik. Vermy dit eerder. Dit kan jou baie siek maak. Jy sal dan ook nie mooi na jouself kyk nie.	Verm y drank en dwelms ./Verm y drank./Verm y dwelms./Jy moet wegbly van drank en dwelms./Drank of dwelms kan jou siek maak.	Moenie drank en dwelms misbruik nie./Moenie drink of dwelms gebruik nie.	Drank en dwelms sal jou gesondheid negatief beïnvloed.
	GETAL WOORDE = 170 woorde (± 200 woorde - Disjunktief)	GETAL WOORDE = 51 woorde (50 – 60/65 maksimum)		

AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**NASIEN VAN TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

1. Spelling:
 - Eenwoord-antwoorde moet korrek gespel word.
 - By volsin-antwoorde word **verkeerde spelling** slegs gepeenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
 - Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.
2. Sinstrukture moet **taalkundig** korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.
3. Aanvaar die letter EN/OF die korrekte antwoord wat volledig uitgeskryf is, by 'n meerkeusevraag.

VRAAG 3: ADVERTENSIE

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
3.1	<ul style="list-style-type: none"> • Leerders/Kinders/Skoolkinders/Leerlinge/Studente (wat ekstra Afrikaans klasse wil neem). • Leerders/Kinders/Skoolkinders/Leerlinge/Studente (wat nie 'n Afrikaans-onderwyser het nie). • Leerders/Kinders/Skoolkinders/Leerlinge/Studente (wat sukkel met Afrikaans). • Afrikaans-klasse (versamelnaam vir leerders). (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
3.2	<ul style="list-style-type: none"> • (Die opskrif) is groot geskryf/groot font/lettertipe. • (Die opskrif) is in vetdruk. • (Die opskrif) is 'n ander kleur/donkerder gedruk. • Dit staan heel bo aan die advertensie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
3.3	<ul style="list-style-type: none"> • Mnr/mnr • Mnr./mnr. <p><i>(Daar hoef nie 'n punt na die afkorting te wees om die punt te verdien nie.) (AWS bl.19 reël 3.13.)</i></p>	1
3.4	beter	1
3.5	uitroepteken	1
3.6	hoogste	1
3.7	<p>Mening</p> <ul style="list-style-type: none"> • Dit is die adverteerder se opinie. • Nie almal stem met die adverteerder saam nie. • Daar is nie bewyse dat mnr. Botha die beste onderwyser (in die land) is nie. • Daar is dalk beter onderwysers as mnr. Botha. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
3.8	jy <i>(aanvaar ook Jy)</i>	1
3.9	Baie kinders word deur meneer Botha geleer. <i>(Die hele sin moet korrek wees om die punt te verdien)</i>	1
3.10	<ul style="list-style-type: none"> • Jy leer om in Afrikaans te skryf. • Jy leer om beter opstelle te skryf. • Die ekstra klasse sal jou help om beter te skryf. • Dit het te doen met skool. • Ekstra klasse beteken ook ons gaan skryf. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
TOTAAL:		10

VRAAG 4: SPOTPRENT

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
4.1	<ul style="list-style-type: none"> • HOERA • Hoera (Enige EEN)	1
4.2	Ma sê dat die matriekuitslae bekend is. <i>(Die hele sin moet korrek wees vir die punt.)</i>	1
4.3	<ul style="list-style-type: none"> • Die kamer se deur is oop. • Die seun is deur sy pa gestraf. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
4.4	nie belangstel nie.	1
4.5	<ul style="list-style-type: none"> • (Hulle) dans. • (Hulle) drink (vonkelwyn/sjampanje)/(Daar is) drank. (Of soortgelyk aan bogenoemde)	1 1
4.6	<ul style="list-style-type: none"> • Die hond staan op sy agterpote/-voete. • Die spoeg spat./Die hond blaf dat die spoeg spat. • Die hond se ore staan wyd/regop. • Die hond se kop is agteroor gegooi. • Die merkies(" ") (by sy bene/ore wys dat hy beweeg). (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
4.7	koel	1
4.8	<ul style="list-style-type: none"> • Boeta lê op die bank terwyl die gesin dans. • Die gesin dans, terwyl Boeta op die bank lê. • Terwyl die gesin dans, lê Boeta op die bank. • Terwyl Boeta op die bank lê, dans die gesin. (Enige EEN)	1
4.9	<ul style="list-style-type: none"> • A • bly • A bly (Enige EEN)	1
TOTAAL:		10

VRAAG 5.1: LEESSTUK

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
5.1.1	winkeltjie	1
5.1.2	Weekliks/weekliks	1
5.1.3	bêre	1
5.1.4	Hulle neem dit op 'n Woensdagmiddag entoesiasies winkel toe. <i>(Die hele sin moet korrek wees vir die punt.)</i>	1
5.1.5	vyftien	1
5.1.6	h(H)aar	1
5.1.7	motorhuis	1
5.1.8	(G)groot <i>(Maak seker dat die antoniem wat hier gegee word in die konteks pas.)</i>	1
5.1.9	Sonder om gevra te word <i>(Kandidate hoef nie die hele sin uit te skryf nie, maar die gedeelte met die infinitief moet heeltemal korrek wees om die punt te verdien.)</i>	1
5.1.10	geweeg	1
5.1.11	waarmee	1
5.1.12	nie	1
5.1.13	rys	1
5.1.14	om-ge-wing <i>(Kandidate kan lettergrepe op verskillende maniere aandui)</i>	1
SUBTOTAAL:		14

VRAAG 5.2: PRENT

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
5.2.1	oop	1
5.2.2	leer	1
5.2.3	spykers	1
5.2.4	tussen	1
5.2.5	byl	1
5.2.6	blikke	1
SUBTOTAAL:		6
TOTAAL AFDELING C:		40

AFDELING D: LETTERKUNDE

LUGSPIEËLINGS – Mycelie Pienaar**VRAAG 6****VERHAAL A: "LUGSPIEËLING" – Jackie Wolvaardt**

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT
6.1	<ul style="list-style-type: none"> • Sy wou 'n ster word. • Sy wou 'n beroemde mens/sangeres/danseres word. • Sy wou ryk/suksesvol wees. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
6.2.1	<p>Mnr. Du Patsi/Die skoolhoof ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • het slegte goed oor hulle toekoms voorspel. • het vir hulle oor hulle toekoms gepreek (en die onderwysers). • was altyd onvriendelik/'n suurknol/streng. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
6.2.2	<ul style="list-style-type: none"> • Die motors. • Die baie mense. • Die ligte/flikkerligte/neonlampe. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
6.3	By Beth se partytjie.	1
6.4	<ul style="list-style-type: none"> • B • het dieselfde idees en opinies gedeel. • B het dieselfde idees en opinies gedeel. (Enige EEN) 	1
6.5	<ul style="list-style-type: none"> • Buster het Rosina na 'n Rave-klub geneem. • Die speurder het vir Rosina gesê dat sy by die verkeerde plek was. • Rosina het vertel dat Buster vir haar oudisies gereël het. • Rosina was skielik baie moeg en het op haar hurke gesak. 	1 1 1 1
6.6.1	<ul style="list-style-type: none"> • B • ... was naïef en kon maklik misbruik word. • B ... was naïef en kon maklik misbruik word. (Enige EEN) 	1
6.6.2	<ul style="list-style-type: none"> • E • ... het raakgesien wie en wat Buster was. • E ... het raakgesien wie en wat Buster was. (Enige EEN) 	1

6.6.3	<ul style="list-style-type: none"> • A • ... was 'n slegte rolmodel. • A ... was 'n slegte rolmodel. (Enige EEN) 	1
6.6.4	<ul style="list-style-type: none"> • C • ... was streng en het hoë morele waardes gehad. • C ... was streng en het hoë morele waardes gehad. (Enige EEN) 	1
6.7	<ul style="list-style-type: none"> • Hy het vir Rosina gejok. • Hy het die kar gesteel. • Hy het Rosina se handsak gesteel. • Hy was 'n pimp. (Enige EEN of soortgelyk aan die bogenoemde) 	1
6.8	<ul style="list-style-type: none"> • Hy het altyd sy leerders aangemoedig om te presteer. • Hy het vir Rosina soos 'n pa raad gegee. • Hy was beskermend teenoor Rosina. • Hy het in sy leerders se lewens buite die skool belanggestel. • Hy het Rosina teruggeneem Blomvlei toe/was 'n verantwoordelike persoon. (Enige EEN of soortgelyk aan die bogenoemde) 	1
6.9	blydskap	1
6.10	<ul style="list-style-type: none"> • Sy het weggeloop van die huis af. • Haar ouers het nie geweet waar sy was nie. • Sy was moeg vir haar ouers se ewige geseur/geneul. (Enige EEN of soortgelyk aan die bogenoemde) 	1
6.11	<ul style="list-style-type: none"> • Om nie alle mense te vertrou nie. • Dat ambisie en verveling kinders op verkeerde paaie (bv. dwelms) kan lei. • Dat jy nie sukses sal behaal sonder harde werk nie. • Dat die skyn soms bedrieg./Dit wat jy sien, is nie altyd die waarheid nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
6.12	<ul style="list-style-type: none"> • Sy moes seker maak dat Buster was wie hy gesê het hy was. • Dat sy versigtig moes wees wie sy vertrou. • Sy moes haar ouers van haar planne vertel. • Sy moes navraag doen oor die oudisies. • Sy moes skool voltooi voordat sy 'n loopbaan volg. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
6.13	<ul style="list-style-type: none"> • C • besef het dat haar droom nie waar gaan word nie. • C besef het dat haar droom nie waar gaan word nie. (Enige EEN) 	1
		[20]

VERHAAL B: "SOLDATE IN WIT KLERE" – Hannah Bell

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT
6.14	<ul style="list-style-type: none"> Boerdery Werk op 'n plaas (Enige EEN of soortgelyk aan die bogenoemde) 	1
6.15	<ul style="list-style-type: none"> C 'n vergelyking. C 'n vergelyking. (Enige EEN) 	1
6.16	<ul style="list-style-type: none"> Hy moes sy werkers gaan betaal. Hy moes kyk of die beeste in hul slaapkampe gejaag is. 	1 1
6.17	<ul style="list-style-type: none"> Die plaas het na aan die grens van Mosambiek gelê vanwaar daar baie vegters gekom het. Die plaas het in 'n "warm" gebied gelê. Plase was verder van mekaar/dit was veiliger in die dorp waar meer mense nader aan mekaar gebly het. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
6.18	Geen boer mag alleen op 'n plaas wees nie.	1
6.19.1	<ul style="list-style-type: none"> B ... het inwoners bang gemaak. B ... het inwoners bang gemaak. (Enige EEN) 	1
6.19.2	<ul style="list-style-type: none"> D ... het hard gewerk en nooit gekla nie. D ... het hard gewerk en nooit gekla nie. (Enige EEN) 	1
6.19.3	<ul style="list-style-type: none"> A ... was bekommerd oor die inwoners se veiligheid. A ... was bekommerd oor die inwoners se veiligheid. (Enige EEN) 	1
6.19.4	<ul style="list-style-type: none"> C ... is die hoofkarakter(s) van hierdie verhaal. C ... is die hoofkarakter(s) van hierdie verhaal (Enige EEN) 	1
6.20	buitengewoon	1
6.21	<ul style="list-style-type: none"> D rustig en diep geslaap het. D rustig en diep geslaap het. (Enige EEN) 	1

6.22	<ul style="list-style-type: none"> Die vryheidsvegters het oom Labu se buurman doodgeskiet. Die vryheidsvegters het op die polisie begin skiet. Die polisie het drie vryheidsvegters gewond en een gevange geneem. Die kaptein het die gevangene na Wanedzi toe geneem om hulle spore te wys. 	1 1 1 1
6.23.1	<ul style="list-style-type: none"> Die buurman is (deur vryheidsvegters) doodgeskiet. Daar was 'n geveg tussen die weermag en die vryheidsvegters. Drie vryheidsvegters is gewond en een gevang. (Enige EEN of soortgelyk aan die bogenoemde) 	1
6.23.2	<ul style="list-style-type: none"> Daar was soldate in wit klere (engele) wat om sy huis gestaan het. Die vryheidsvegters het niks aan oom Labu gedoen nie. (Enige EEN of soortgelyk aan die bogenoemde) 	1
6.24	Dat jy jou sondes moet bely. (Of soortgelyk aan bogenoemde)	1
6.25	<ul style="list-style-type: none"> Die engele het oom Labu soos soldate beskerm. Soldate beskerm hulle mense; so het die engele vir oom Labu beskerm. (Enige EEN of soortgelyk aan die bogenoemde) 	1
		[20]

PERDEKRAG – Cecilia du Toit**VRAAG 7**

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
7.1.1	Silwerkloof Stalle	1
7.1.2	Wilma (Botes)	1
7.1.3	prokureur	1
7.1.4	<ul style="list-style-type: none"> Hy moes sy gemeenskapsdiens daar doen. Hy moes sy straf daar uitdien. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
7.2	verveeld met	1

7.3	<ul style="list-style-type: none"> Die leser verwag nie dat Lucky suiwer Afrikaans sal praat nie. Dit is hoe jongmense praat. Dit pas by die karakter. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
7.4	<ul style="list-style-type: none"> Hy moes die vuil strooi uithark./Hy moes die stalle skoonmaak. Hy moes vars strooi insit. Hy moes sy sak gaan bêre. Hy moes sy selfoon wegsit. (Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)	2
7.5	<ul style="list-style-type: none"> 'n Jonger persoon moet ouer mense respekteer. Lucky was daar om sy straf uit te dien/moes luister na wat Wilma vir hom sê om te doen. Wilma het hom probeer help, maar Lucky het dit nie waardeer nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
7.6	<ul style="list-style-type: none"> D nie geweet het hoe om hierdie konfliktsituasie te hanteer nie. D nie geweet het hoe om hierdie konfliktsituasie te hanteer nie. (Enige EEN)	1
7.7.1	<ul style="list-style-type: none"> Sy straf Die tyd wat hy sy straf moes uitdien. Gemeenskapsdiens/-werk. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
7.7.2	Drie/3 maande	1
7.8	lelike woorde te gebruik	1
7.9	<ul style="list-style-type: none"> B manipulering. B manipulering. (Enige EEN)	1
7.10.1	<ul style="list-style-type: none"> E ... sukkel om na ander te luister. E ... sukkel om na ander te luister. (Enige EEN)	1
7.10.2	<ul style="list-style-type: none"> C ... is streng maar het 'n goeie hart. C ... is streng maar het 'n goeie hart. (Enige EEN)	1
7.10.3	<ul style="list-style-type: none"> B ... hou nie van kontak met ander mense nie. B ... hou nie van kontak met ander mense nie. (Enige EEN)	1

7.10.4	<ul style="list-style-type: none"> • A • ... is elegant en rustig. • A ... is elegant en rustig. (Enige EEN) 	1
7.11	<p>Ja.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Dit is hoe tieners mekaar groet. • Vir tieners is dit aanvaarbaar/Tieners beskou dit nie as slegte maniere nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) <p>OF</p> <p>Nee.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Dit was die eerste keer dat hulle ontmoet het. • Hy moes eerder probeer het om 'n goeie indruk te maak. • Dit is nie hoe mense wat mooi maniere het, mekaar groet nie. • Dit het gewys dat hy nie ander respekteer nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
7.12	<ul style="list-style-type: none"> • Hy moes na Wilma geluister het./Hy moes haar nie geïgnoreer het nie. • Hy moes sy selfoon gebêre het terwyl hy werk./ Hy moes nie die hele tyd op sy selfoon besig gewees het nie. • Hy moes stilgebly het./Hy moes sy werk gedoen het. • Hy moes ordentlik met Wilma en Binki gepraat het./Hy moes nie aanhoudend sarkastiese opmerkings gemaak en kommentaar gelewer het nie. • Hy moes die beste van die situasie gemaak het./ Hy moes nie so baie gekla het nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
7.13	<ul style="list-style-type: none"> • Hy was wreed teenoor diere/Hy het diere mishandel. • Hy het ander mense se (ses) katte versuip. • Hy het katte doodgemaak. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
7.14	<ul style="list-style-type: none"> • C • 'n metafoor. • C 'n metafoor. (Enige EEN) 	1
7.15.1	<ul style="list-style-type: none"> • Sy het haar eie besigheid gehad./Sy was 'n besigheidsvrou/sakevrou. • Sy werk (soms) oorsee. (Of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
7.15.2	<ul style="list-style-type: none"> • Sy het in mense se huise gewerk./Sy was 'n huiswerker/bediende/huishulp/*Huishelper. • Domestic (<i>staan in teks bl. 19</i>) (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1

7.15.3	<ul style="list-style-type: none"> • Lucky se ma moes ander/ryk mense se gemors skoonmaak. • Lucky se ma moes baie ver na haar werk toe reis. • Die mense het Lucky se ma min betaal/minder as die prys van een kat, betaal. • Die mense het goed gehad wat hulle nie gebruik het nie, maar nie daaraan gedink om dit vir Lucky se ma te gee nie. (Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) 	2
7.16	<ul style="list-style-type: none"> • C • dit wys wat die karakter op daardie oomblik doen. • C dit wys wat die karakter op daardie oomblik doen (Enige EEN) 	1
7.17	<ul style="list-style-type: none"> • Lucky het nou die vrymoedigheid om met Wilma te praat/haar uit te vra. • Daar is 'n meer ontspanne verhouding tussen hulle/hulle lag saam vir grappies. • Hulle baklei/stry minder. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
7.18	<ul style="list-style-type: none"> • Binki is 'n maklike mens om mee oor die weg te kom. • Dis maklik om vir Binki lief te wees/van haar te hou. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
7.19	<ul style="list-style-type: none"> • Lucky se ma het hom nie so geleer nie. • Lucky respekteer sy ma/Wilma. (Of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
7.20	<ul style="list-style-type: none"> • Wilma het te veel by 'n partytjie gedrink. • Wilma het vinnig met die perd deur die veld gejaag. • Die perd het in 'n gat getrap en sy been gebreek. • Die veearts het die perd geskiet. 	1 1 1 1
7.21	<ul style="list-style-type: none"> • Grace het lank gely voordat die veearts hom geskiet het. • Grace het pyn gehad voor hy dood is. • Grace moes doodgeskiet word./Daar was nie genade vir Grace nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
7.22	<ul style="list-style-type: none"> • Die hele drama handel oor die krag van die verhouding tussen die perde en die mense. • Die hele drama handel oor perde wat die vermoë/krag het om mense heel/gelukkig te maak. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
7.23	<ul style="list-style-type: none"> • Hy het lelik gepraat/kru taal gebruik. (Bv. stront/bleddie) • Hy het Wilma se opdragte geïgnoreer. (Bv. aanhou sms op sy selfoon) • Hy het heeltyd gekla. (Bv. oor die stalle wat hy moes skoonmaak) • Hy was uitdagend/rebels. (Bv. met sy selfoon) (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1

7.24	<p>Nee.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Lucky was nooit werklik gelukkig nie. • Lucky se omstandighede was baie moeilik. • Lucky se ma het min verdien./Lucky-hulle was arm. • Hulle het nie eie vervoer/'n tuin gehad nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) <p>OF</p> <p>Ja.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Hy was bevoorreg om sy gemeenskapsdiens by Wilma te kon doen. • Hy was gelukkig om 'n ma te hê wat vir hom tyd/liefde gehad het. (Of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
7.25	<ul style="list-style-type: none"> • Binki wou haar hond (uit die brandende huis) red. • Lucky het die katjies in die visdam verdrink. 	1 1
		[40]

TOTAAL AFDELING D: 40
GROOTTOTAAL: 120